Reëls vir die bedryf van n stalletjie by die Pretoria Boeremark

Toelating

- Landbouprodukte of kos of handgemaakte kuns artikels word toegelaat.
- Slegs een van die kategorieë word per stalletjie toegelaat.
- Die Pretoria Boeremark behou homself die reg voor om van tyd tot n moratorium op sekere produkte te plaas, al val die produk in die vereiste kategorie.
- Ons het nie n kontrak nie maar laat ons asb. weet indien u nie langer gaan verkoop nie.
- Kom asb. n week voor u besluit om n stalletjie te begin, om n stalletjie te kies. Neem die terreinplan met u selfoon af by ons kantoor en gaan kyk op die terrein waar die oop stalletjies is. Bevestig dan met ons in die kantoor die nommer. U het tot die daaropvolgende Woensdag tyd om die betaling te maak.

Stalletjie fooie

- Eerste Saterdag se koste is R600 (Intree fooi van R400 + stalletjie R200)
- Hierdie intree-fooi van R400 is nie terugbetaalbaar nie.
- Een stalletjie se koste is R200 per Saterdag, twee stalletjies is R400 per Saterdag ens. **Let asb. daarop dat stalletjies betaal moet word al is u nie by die mark nie.**
- Stalletjie fooie is vooruitbetaalbaar in:
  Rekening:
  Pretoria Boeremark – FNB – Tak 250845 Rek – 62383915629
- Weeklikse betalings moet voor die Saterdag in die bankrekening reflekteer.

Voertuie

- ***Geen voertuie mag op die mark terrein beweeg tussen 5.30 en 9.30 nie, u gaan u staanplek verloor indien u nie hierdie reël gehoorsaam nie.***
- Geen voertuie mag op die terrein parkeer behalwe in areas waar voertuie wel toegelaat is. U sal daarvan in kennis gestel word.

Stalletjies

- Bring u eie tafels, stoele en gazebo ens. vir u stalletjie.
- U moet u staanplek opruim en skoon agterlaat.
- Geen stalletjies mag gedeel word nie.
- Geen stalletjies mag skuif sonder die toestemming van die mark bestuurder nie.
- **Slegs produkte waarvoor u geregistreer het mag verkoop word**.
- Elektrisiteit is nie oral op die terrein beskikbaar nie.
- U moet aan die wetsvereistes m.b.t. u produk, asook die werksaamhede by u stalletjie voldoen bv. indien u met gas kook die nodige brandbestryding items by u stalletjie hê.
- Geen vaste strukture mag sonder toestemming opgerig word nie. **Algemeen**

- *Indien u nie u by die mark gaan wees nie stel ons asb. daarvan in kennis deur of'n SMS na 079 987 1025, of'n epos te stuur na* ptaboeremark@tlu.co.za.
- Enige geskille of probleme moet na die mark bestuurder Johan van Wyk verwys word.

PRETORIA BOEREMARK

Inligting –Stalletjies **NO:**

Volle name en van: .....
Telefoon: .....
Selfoon: ..... Epos: ..... Naam van besigheid: .....
Wat verkoop u : .....
.....

Handtekening:.....Datum: .....
Voltooi asb. hierdie vorm en stuur of per faks 012 804 2014 of per epos na ptaboeremark@tlu.co.za/ of bring dit per hand na die kantoor (houthuisie)